24 Julie 2022

Hoërskool Kategese

Lukas 11:1-13

wat wil jy vandag bereik?

Vandag kry ons weer geleentheid om oor gebed te gesels en spesifiek oor die 'Ons Vader'. Vir diegene wat bekommerd is dat die Kategismus agterweë bly – die 'Ons Vader' maak 'n groot deel van die Heidelbergse Kategismus uit!

Help die jongmense om die beginsels van die 'Ons Vader' in hul eie gebedslewe te integreer.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Hoekom sukkel mense om te bid? Nie net om VOOR mense te bid nie, maar ook om in hulle BINNEKAMER te bid?
Is daar 'n verskil tussen die twee maniere van bid?

Hoe belangrik is gebed vir jou? Hoe belangrik dink julle is gebed vir ons gemeente? Hoe wys jou lewe dit? Hoe wys ons gemeente dit?

word stil

Bly vir 1-minuut lank doodstil.
Moenie praat nie.
Maak net jou oë toe en haal diep asem.
Vra nou die Here om jou te leer.

As julle kan, luister na hierdie lied:
https://www.youtube.com/watch?v=wgVEQipWv6Y

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Lukas 11:1-13 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Jesus leer sy dissipels – en vir ons – bid deur aan hulle die 'Ons Vader' aan te leer. Maak 'n lys van alles wat Jesus ons hier leer.
- Wat leer ons spesifiek oor God uit die gebed?
- Hoe verskil die situasie wat in vers 5-8 beskryf word van hoe ons verhouding met die Here is?
- Hoe dink julle bid 'n mens as jy 'onbeskaamd aanhou'? Lees weer vers 8.
- Gesels oor die 'vra', 'soek' en 'klop'. Wat merk julle op? Wat leer dit vir ons oor gebed?
- Hoe kan jou lewe verryk word as jy jou karakter in lyn bring met die visie van hierdie teks? Watter verkeerde gedagtes ontstaan wanneer ons hierdie waarhede oor gebed vergeet? Oor God?
- Hoe nooi hierdie teks ons uit om deel te neem aan 'n gemeenskap wat bestaan vir iets groter as net ons eie begeertes en behoeftes? Watter soort gemeenskap vra hierdie teks ons om te word vir en ter wille van die wêreld?
- Hoe kan gebed beide 'n gesprek en 'n ontmoeting met God wees?
- As ons gebede meer was soos wat Jesus hier leer, hoe sal ons gebede verander?
- Hoekom is dit soms nie so 'n slegte ding as God NIE ons gebede verhoor soos wat ons dit verhoor wil hê nie?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Wat het jy vandag geleer oor gebed? Watter aanpassings gaan jy nou aan jou gebedslewe aanbring? Neem klein stappies.

Hoe dikwels en waarvoor vra, soek en klop jy?

Hoe kan ons die gemeente help om meer gefokus te bid?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Watter elemente van die ABC is in die Ons Vader? Watter elemente is NIE daar nie?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."